BELANGRIK OM TE WEET

Main Street 1549 (Edms) Bpk

Voorgenome Produksie werksaamhede

in Blok 11B/12B

Suidkus, Suid-Afrika



GEBIED VAN BELANG

Figuur 1: Ligging van Blok 11B/12B wat die aflandige opmetingsgebied aan die Suid-Afrikaanse Suidkus, gebied van belang en ontwikkelingscenario's aantoon.

Berei jou kommentaar op die Basiese Omvangbepalingsverslag voor en dien dit teen

Donderdag 15 Oktober 2026 in

Main Street 1549 (Edms) Bpk (Main Street) doen aansoek om ’n omgewingsmagtiging om ’n aflandige gasveld in Blok 11B/12B te ontwikkel. Die Blok is aan die Suidkus, ongeveer 75 km aflandig op sy naaste punt, rofweg tussen Kaap St Francis en Mosselbaai geleë.



INLEIDING

Natuurlike gasholtes is by die Brulpadda- en Luiperd-put in die Paddavissie-sone in Blok 11B/12B ontdek. Op daardie tydstip het die vennote in die gesamentlike onderneming die proses afgeskop om ’n produksiereg (PR), 12/4/013 PR, en die nodige omgewingsmagtiging om hierdie hulpbronne te ontwikkel, te bekom.

TotalEnergies EP South Africa (TEEPSA) het opdrag gegee vir ’n omgewings- en maatskaplike impakassesserings- (OMIA-)proses, met inbegrip van openbare deelname regdeur 2022 en 2023.

Die oorspronklike gesamentlike onderneming het TEEPSA, QatarEnergy, Canadian Natural Resources International (South Africa) Limited en Main Street ingesluit. Sedertdien het al die partye, buiten Main Street, heeltemal aan die Blok 11B/12B-projek onttrek, wat Main Street as die enigste maatskappy wat vir die projek verantwoordelik is, gelaat het.

Ná die onttrekking van die vennote in die gesamentlike onderneming, het Main Street beplan om ‘nie-indringende afgeskaalde opmetings’ in Blok 11B/12B en Blok 9, wat deur PetroSA gehou word, uit te voer. Main Street beplan egter nou om die opmetingswerksaamhede uit te brei om die ontwikkeling van die hele Paddavissie-sone in te sluit en is besig om ’n nuwe OMIA-proses te begin.

Ontwikkelingscenario's

Main Street wil twee ontwikkelingscenario's vir hulle produksiewerksaamhede verken:

Scenario 1: Gas word vanaf Blok 11B/12B na die kus vervoer

'n Aflandige produksiefasiliteit sal óf in diep water naby die putte, óf in vlakker water op die kontinentale plat geplaas word. Gas sal dan uit die put ontgin en na die produksiefasiliteit toe oorgeplaas word om geskei te word. Pypleidings sal gas van die produksiefasiliteit na die kus en 'n gasontvangsfasiliteit en/of ander moontlike gasgebruikers toe vervoer. Die gas sal deur tenkskepe na plaaslike en/of internasionale markte uitgevoer word.

Scenario 2: Gas verwerk na vloeibare aardgas

'n Aflandige produksiefasiliteit sal óf in diep water naby die putte, óf in vlakker water op die kontinentale plat geplaas word. Gas sal dan uit die put ontgin en na die produksiefasiliteit toe oorgeplaas word om geskei en na vloeibare aardgas (LNG) omgeset te word. LNG sal deur tenkskepe na plaaslike en/of internasionale markte uitgevoer word.

VOORGENOME WERKSAAMHEDE

As Main Street die omgewingsmagtiging vir die produksie van gas ontvang, sal die volgende werksaamhede onderneem word:

- Assessering s-opnames: 16maande
- Produksie: 25 jaar
- Konstruksie: 11 jaar
- Uitdiensstelling: 6 maande

1. Roete- en perseelassesseringsopmetings (16-maande-tydperk)

Opmetings in aflandige (ter see) olie- en gasverkenning behels die bestudering van die seebodem om potensiële olie- en gasreserwes op te spoor.

Figuur 1: *Voorbeeld van 'n opmetingskip.*

Opmetingskepe sal inligting omtrent die seebodem, die toestand van die seebodem, die oseaanomgewing en voorgenome pypleidingsroets tussen die aflandige gasvelde en die kuslyn insamel. Monsters van die seebodem kan ook ingesamel word.

Aanlandige (op land) opmetings sal ook uitgevoer word en sal op die kartering van pypleidingsroetes fokus.



Figuur 2: *Liggingskaart van voorgenome aanlandige pypleidingskorridors aan die Suidkus van Suid-Afrika*

2. Konstruksie (boorwerk en installering) (11-jaartydperk)

Die konstruksiefase van die projek sal die volgende insluit:

19 putte

Die boor van 19 putte, met inbegrip van produksie, taksering en gasinspuitingsputte.

Sentrale verwerkingsfasiliteit

Mobilisering, ankering en inbedryfstelling van die sentrale verwerkingsfasiliteit.

Ondersese infrastruktuur

Installering en inbedryfstelling van ondersese infrastruktuur, met inbegrip van alle infrastruktuur wat op of onder die seebodem geleë is en gebruik word om koolgas waterstowe uit die reservoir te ontgin en die putte aan die sentrale verwerkingsfasiliteit te koppel.

Gaspypleidings

Installering en inbedryfstelling van die gaspypleidings vanaf die sentrale verwerkingsfasiliteit na die kus toe.

ondersteuning aan wal

Aanlandige, mariene en lugvaartsteunbedrywighede

3. Produksie (25-jaartydperk)



Die tydperk van 25 jaar waartydens gas uit die seebodem ontgin sal word. Dit sluit die ontginning gedurende aflandige produksiewerksaamhede, pendeltenkskip-aktiwiteite om die verwerkte gas uit die sentrale verwerkingsfasiliteit af te laai, asook steunwerksaamhede op land, ter see en in die lug in.

4. Uitdiensstelling (6-maande-tydperk)



Uitdiensstelling sal oor 'n tydperk van ses maande aan die einde van die projek plaasvind. Hierdie proses sluit die seël van putte (toestop en verlating) en die spoel en ontkoppeling van pypleidings in. Pypleidings, strukture en boorgatkoppe sal in posisie op die seebodem gelos word en die sentrale verwerkingsfasiliteit sal verwyder word.



DIE TYDLYN VAN GEBEURE

VERKENNINGSREGTE

Main Street 1549 (Edms) Bpk hou 'n verkenningsreg oor Blok 11B/12B, wat deur die Petroleum Agentskap van Suid-Afrika (PASA) uitgereik is.

DIE OMGEWINGSIMPAKASSESSERINGSPROSES

OMVANGSBEPALINGSFASE:

Hierdie fase is daarop gemik om uiteen te sit wat in die omgewings- en maatskaplike impakassessering (OMIA) geassesseer moet word, hoe die assessering benader moet word en watter inligting nodig kan wees om die waarskynlike impak van die aktiwiteit te identifiseer. Hierdie inligting word in 'n konsep- omvangsbepalingsverslag saamgevat.

OPENBARE KOMMENTAAR: Die publiek kry die geleentheid om op die konsep- omvangsbepalingsverslag kommentaar te lewer.

Ons is hier

FINALE OMVANGSBEPALINGSVERSLAG WORD GEPUBLISEER:

Dit inkorporeer alle kommentaar wat op die konsep-omvangsbepalingsverslag ontvang is. Dit word vir goedkeuring aan die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne voorgelê.

SLR Consulting (Suid-Afrika) is as die **omgewingsassesseringspraktisyn** (**OAP**) aangestel om die assesseringsproses uit te voer.

WAT VOLGENDE?

Nadat die Departement sy beslissing uitgereik het, sal alle belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP's) wat op die projek se databasis geregistreer is, binne 14 dae na die datum van die beslissing van die uitkoms en die redes vir die beslissing in kennis gestel word. As die Departement die omvangsbepalingsverslag aanvaar, sal die projek na die OIA-fase aanbeweeg.

OMGEWINGSIMPAKASSESSERINGSFASE (OIA-)

- Spesialisstudies: Die OAP sal 'n OMIA en spesialisstudies onderneem.
- Openbare kommentaar: B&GP's sal nog 'n geleentheid kry om kommentaar op die konsep- OIA-verslag te lewer.
- Finale OIA-verslag gepubliseer: Dit inkorporeer alle kommentaar wat op die konsep- OIA-verslag ontvang is.
- Dit word vir oorweging en hersiening aan PASA voorgelê.
- PASA-aanbeveling: Ná die hersiening sal PASA 'n aanbeveling aan die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne doen oor of omgewingsmagtiging toegestaan of geweier moet word.

OMGEWINGSMAGTIGING

Dit word deur die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne uitgereik en, indien toegestaan, sal dit Main Street in staat stel om met produksiewerksaamhede voort te gaan.

APPÈL: Ná die Departement sy beslissing uitgereik het, sal alle belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP's) wat op die projek se databasis geregistreer is, van die uitkoms van die aansoek en die redes vir die beslissing in kennis gestel word.

As enigiemand nie met die beslissing van die Departement saamstem nie, kan 'n appèl teen die beslissing binne 20 dae na die datum waarop die beslissing aan die B&GP's gekommunikeer is, by die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO) ingedien word.



POTENSIËLE IMPAK VAN GASPRODUKSIE

(Hierdie impakte word in die omvangsbepalingsverslag uitgewys)

Impak op vis en seediere

Die projekgebied is die tuiste van 'n verskeidenheid visse en seediere, soos steenbras, kurper, snoek, sardien, stokvis, koningklip, geelstert, walvisse, haaie, seeskilpaaie en seevoëls. Produksiewerksaamhede kan die gesondheid van vis en seediere beïnvloed, wat daartoe kan lei dat hierdie spesies beseer word en die projekgebied en die kusgemeenskappe naby die projekgebied kan vermy. Die werksaamhede kan ook teel- en broeiplekke beïnvloed.

Impak op bestaansmiddele

Die hoof- ekonomiese aktiwiteite in die projekgebied is visvang, toerisme en landbou. Hierdie aktiwiteite bied werksgeleenthede en maniere om 'n bestaan te verdien, en voorsien voedsel aan gemeenskappe in die gebied. Die streek ervaar hoë vlakke van werkloosheid en armoede, wat kan vererger, aangesien produksiewerksaamhede tot die uitwyking van visspesies en vissersbote kan lei. Verlies aan bewerkbare grond weens aanlandige werksaamhede en 'n gewysigde gevoel van plek sal waarskynlik die toerismeaktiwiteite beïnvloed en daardeur die bestaansmiddele van die omliggende gemeenskappe beïnvloed.

Produksiewerksaamhede sal waarskynlik nie meer werksgeleenthede vir plaaslike mense inhou nie, weens die gespesialiseerde aard van die werk. Werke vir die plaaslike mense sal tydelik en waarskynlik in logistiek, hawebedrywighede, vervoer, behuising, spyseniering, sekuriteit en ander plaaslike dienste wees.



Geraasbesoedeling

Produksiewerksaamhede sal ondersese geraas veroorsaak, wat die gesondheid en beweging van die seelewe tydelik kan beïnvloed. Die hoofbronne van ondersese geraas sal die opmeting, boorwerk, skroewe van skepe en posisioneringstuwers, asook die geraas van houtkappery en helikopters wees. Die projek se aanlandige logistieke basis sal in Mosselbaai, Gqeberha en/of Kaapstad wees, wat die verkeer en geraas in die projekgebied kan vererger.

Klimaatsveranderingsoorwegings

Die omvangsbepalingsverslag sit nie die bydrae van produksiewerksaamhede tot klimaatsverandering uiteen nie, maar identifiseer wel lugvrystellings uit projekskepe en -helikopters, en moontlike uitbarstings, gaslekke en opvlamming van die gas as bydraende faktore. 'n Volledige assessering van die klimaatsveranderingsimpakte sal tydens die OMIA-fase uitgevoer word.

Impak op kultuur en erfenis

Met enige perseel aan die kus, of waar mense van die see gebruik maak, moet tasbare en ontasbare kulturele erfenis in ag geneem word, aangesien hierdie gebiede plekke van geestelike belang vir die plaaslike gemeenskappe kan insluit. Die omvangsbepalingsverslag verleen erkenning daaraan dat die water in die projekgebied deur gemeenskapslede wat raakgeloop is as 'lewende' water beskryf is. Dit sluit strome, riviere, poele, mere en riviermondings in. Daar word geglo dat hierdie waterweë 'n kritieke rol in geestelike en gesondheidsbestuur vir die inheemse groepe in die besonder speel.

Daar is in 2022/2023 uitvoerige navorsing vir Blok 11B/12B se produksieregte-OIA gedoen. Die hoofbevindings van die studie kan soos volg opgesom word:

a. Daar is ’n groter onderlinge verbintenis tussen die land en die see aan die Suid-Kaapse kus;

b. Daar is kultuurwêrelde wat duidelik blyk uit die lewens van kleinskaalse vissers en hulle families; en

c. ’n Rassedinamika in kusgemeenskappe aan die Suid-Kaappse kus maak dit moeilik vir plaaslike gemeenskappe om toegang tot die see en ander verwante kultuurplekke te bekom, selfs al is apartheidwetgewing nie meer van toepassing nie.

Die omvangsbepalingsverslag meld dat die landboulandskap bykomende ontasbare assosiasies met familieplaasgeskiedenisse, plaasname, trekroetes, tradisionele grondgebruiks- en begrafnispraktyke het. Historiese plaaserwe kan oor sosiale belang beskik, deur die verhoudings met voormalige bewoners, afstammelinge, plaaswerkers en die omliggende gemeenskappe, wat verder as die oorblywende geboue strek.

Familiebegraafplase en geïsoleerde grafte is veral sensitief, omdat dit plekke van herdenking en gewoontepraktyk kan bly.

Aan- en aflandige produksiewerksaamhede kan dus ’n beduidende impak op die gemeenskapserfenis en maatskaplike welstand hê.

RAAK BETROKKE

Waarom moet ek betrokke raak?

Die voorgenome projek en opmetingswerksaamhede sal die gemeenskappe langs die suidelike kuslyn raak, wat diegene wat vir hulle bestaansmiddele op die see staatmaak, sal beïnvloed. Jou insette is belangrik om seker te maak dat die projek die behoeftes en bekommernisse van almal wat daardeur geraak kan word, in ag neem.

⁎Onthou! Selfs as jy nie naby die gebied van belang woon nie, kan enigiemand betrokke raak.

Hoe om betrokke te raak

Samel inligting in:

Lees die konsep- omvangsbepalingsverslag en ander projekdokumente wat aanlyn op SLR se webwerf beskikbaar is: https://slrpublicdocs.datafree.co/public-documents/11b12bproduction/

OF
Jy kan die nietegniese opsomming, wat in Engels, Afrikaans en isiXhosa beskikbaar is, as gedrukte kopieë of klanklêers by die onderstaande plekke afhaal:

Location	Name of Facility	Physical Address
Full Report and Non-Technical Summary are available at:		
Still Bay	Still Bay Library	Main Road, Still Bay
Mossel Bay	Kwanonqaba Library	Adriaan Street, Asla Park, KwaNonqaba
Knysna	Knysna Tourism Offices	40 Main Road, Knysna Central
Plettenberg Bay	Plettenberg Bay Public Library	Shop 29, Mervills Shopping Centre, Sewell Street
St. Francis Bay	Sea Vista Library	Geelbek Street, Sea Vista
Jeffreys Bay	Jeffreys Bay Library	43 Diaz Road, Jeffreys Bay
Gqeberha	Newton Park Library	Hurd Street, Newton Park, Nelson Mandela Bay
Non-Technical Summary only is available at:		
Struisbaai	Struisbaai Public Library	1 Deining Avenue, Struisbaai
Arniston	Arniston Library	39 Kamp Street, Arniston
Gourits	Gouritsmond Library	9 Kerk Street, Gourits
Mossel Bay	Transnet Port of Mossel Bay	55 Bland Street, Mossel Bay, Main Port Administration Building, 2nd Floor
Mossel Bay	Mossel Bay Library	4th Floor Montagu Building, 99 Marsh St, Mossel Bay Central
George	George Public Library	4 Caledon St, Campher's Drift
Sedgefield	Sedgefield Library	12 Flamingo Avenue, Sedgefield

Plekke waar gedrukte kopieë van die konsep- omvangsbepalingsverslag en nietegniese opsomming afgehaal kan word. Bron: Konsep- Omvangsbepalingsverslag, September 2026

Woon virtuele openbare vergaderings by

'n Virtuele openbare vergadering, via 'n aanlyn platform (MS TEAMS), sal op 1 Oktober 2026 van 13:00-15:00 gehou word.

Besoek die onderstaande skakel en vul die vorm in om vir bywoning van die aanlyn vergadering te registreer: https://events.teams.microsoft.com/event/23558359-3087-4a0d-b23a-5a53851e3a4d@109cec53-a877-42eb-93e8-b9f5c282ba38

***Let wel! Slegs mense wat vir die aanlyn vergadering registreer, sal die skakel na die vergadering ontvang.**

REGISTER NOW

Registreer as 'n belanghebbende en geaffekteerde party om inligting oor die projek te ontvang via

E-pos: 11b12bproduction@slrconsulting.com of

SMS/WhatsApp: 071 586 5881 of

Telefoon: 021 461 1118/9

SUBMIT

Dien jou kommentaar in:

Berei jou kommentaar voor en dien dit teen 15 Oktober 2026 in.

Kommentaar kan via e-pos, SMS, WhatsApp of gewone pos ingedien word. Gebruik die onderstaande adresse/nommers:

E-pos: 11b12bproduction@slrconsulting.com

Telefoon: (021) 461 1118/9

SMS/WhatsApp: 071 586 5881

- Skriftelike kommentaar moet jou naam, kontakbesonderhede, en enige affiliasie/organisasie/gemeenskap of belang by die projek insluit.

- Wanneer dit ingedien is, moniteer die terugvoer oor jou kommentaar. Alle kommentaar wat ontvang word, behoort in 'n verslag oor kommentaar en response saamgestel en op gereageer te word. Hierdie verslag sal by die finale omvangsbepalingsverslag aangeheg word.